
GELOOF
In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons



FAITH
In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt

POSBUS 112, STANGER, 4450 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

Die Weermag van die Here

As ons by enige weermag wil aansluit, begin dit altyd met 'n besluit. 'n Besluit waardeur ons lewens drasties verander sal word. Die EERSTE STAP sal veroorsaak dat ons siviele lewe beëindig moet word. Daar volg radikale verandering in ons lewenswyse. Dit geld ook vir die weermag van die Here. Om aan te sluit as 'n soldaat van Christus se leër, veroorsaak ook 'n *radikale verandering* want jy kom nou by BEKERING.

Daar is twee dele aan hierdie ondervinding verbonde: God se werk is om ons vry te maak van ons ou verbintenisse en ons te verbind met Christus, maar Hy verlang ONS *vrywillige samewerking.* Die Bybel praat van hierdie ondervinding as 'n geestelike WEDERGEBOORTE.

Geboorte word nie teweeggebring deur die pogings van die baba nie, maar deur die pogings van die moeder. Let dus daarop dat dit God se Heilige Gees is wat ons oortuig van ons behoefte, ons verstand verlig oor die waarheid en ons na Christus lei. Maar dan kan jy nie maar terugsit met jou hande gevou en reken jy het geen verdere verantwoordelikheid nie. Hoe dikwels sê mens ewegelate: *Eendag sal ek ook seker die lig sien.* Nee, van ons word verwag om die Here te soek met ons hele hart (Jer. 29:13). Ons word beveel om weg te draai (te bekeer) van ons sonde en die Evangelie (Goeie Nuus) te glo (Mark. 16:15).

As jy dus nou waarlik begeer om BY DIE LEËR VAN GOD AAN TE SLUIT EN 'N SOLDAAT VAN CHRISTUS TE WORD, dan stel God aan jou twee vereistes. *Eerstens moet jy Satan se diens verlaat* – dit beteken *bekering. Dan moet jy by die Here aansluit* - dit beteken *glo.* Bekering en geloof is die twee bene waarop ons God se Koningkryk



"...Om aan te sluit as 'n soldaat van Christus se leër, veroorsaak ook 'n *radikale verandering* want jy kom nou by BEKERING...."

betree. Laat ons albei vir 'n oomblik van naderby beskou.

BEKERING is baie *meer as net om berou te hê oor sonde.* As ek betrap word omdat ek sonder 'n veiligheids gordel ry, word ek heel waarskynlik beboet. Ek sal sekerlik baie jammer wees daaroor – waarom? Omdat ek ongehoorsaam was, of omdat ek betrap is? BEKERING sou wees 'n berou en hartseer oor 'n verstandige en goeie wet wat ek verbreek het, en nie net 'n besluit om voortaan versigtiger te wees dat die polisie my nie vang nie!

Om jou te BEKEER beteken om van sienswyse te verander. Jy hou op om jouself te regverdig. In plaas van met self teen God stand in te neem, neem jy nou stand saam met God in teen jouself. (Luk. 18:9-14). Die mens self kan wel nie die bande van sonde breek nie – dit is God se werk, maar Hy sal dit net doen as die mens se gesindheid teenoor sy sonde verander het. Ware bekering lei ook tot sonde belydenis. **Wie sy sonde wegsteek, moet niks goeds te wagte wees nie: wie sy sonde bely en daarvan afsien, sal genade ontvang. (Spr. 28:13).**

Ware berou en bekering sal altyd 'n veranderde lewe voortbring. Die vooraf genoemde teks eis dat ons, ons sonde moet bely en ook DAARVAN AFSIEN. *Ons lewens sal rigting verander.*

Saam met waaragtige BEKERING moet daar ook GELOOF wees. Dit is geloof in Christus wat ons red. Dis altyd 'n versoeking by die mens om te vertrou op sy eie dade in plaas van slegs op Christus se verdienste om aanvaarding by God te kry. Redding is egter 'n geskenk, en nie 'n beloning nie. **Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is a gawe (geskenk) van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. (Ef. 2:8 en 9)**

Geloof wat red, is baie meer as toestemming dat sekere feite in verband met Jesus korrek is. So glo baie van ons die feite in verband met Mao Tse Tung, maar ons glo nie IN hom nie! Die duiwels glo ook feite oor *God – en hulle sidder van angs (Jak. 2:19).* Nogtans red hulle geloof hulle nie. Om IN iemand te glo vertrou jy jou lewe aan hom toe. Geloof in Christus as jou Verlosser, beteken dat jy jou aan hom toewy. Geloof in Christus as jou Here, beteken dat jy jou oorgee aan Sy heerskappy oor jou.

Dis dikwels by hierdie punt dat mense wat Jesus met groot erns soek vir redding, maar die versoeking kom om uit te stel met

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl 1 - Die weermag van die Here..)
hierdie belangrike beslissing. *Dis uiters gevaarlik om uit te stel!* God se tyd is altyd NOU. Wanneer ons God se Stem hoor en bewus is van Sy Gees wat by ons pleit IS DIT DIE REGTE TYD OM 'N BESLUIT TE NEEM. **Kyk, nou is dit die regte tyd, nou is dit die dag van redding. (2 Kor. 6:2).**

As jy nou die Stem van die Here gehoor het, moet nie dat hierdie geleentheid by jou verby gaan nie. God wag vir jou met oop arms! Vertel aan Hom die behoefte van jou hart op 'n eenvoudige wyse. Die Bybel sê: **want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word (Rom. 10:13).** Kniel sommer daar waar jy is, of soek 'n geskikte plekkie en verootmoedig jouself voor jou God. Stort jou hart uit. Bely jou hopelose posisie, jou bewustheid van jou behoefte aan Sy reddende genade en vra Hom om jou te red. Dis nie jou mooi sinne of korrekte woorde wat saak maak nie, maar die feit dat dit diep uit jou hart uit kom!

Na hierdie optrede sal jy 'n bewustheid van God ondervind – Sy vrede in jou hart. Nou sê die Bybel die volgende: **As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered (Rom. 10:9 en 10).** VERTEL nou vir die persoon wat die naaste aan jou is dat Jesus nou jou Verlosser en Here is. Dit sal 'n groot ding doen vir jou nuutgevonde geloof, en sommer *vreugde in jou hart bring, e*n wie weet wat dit mag doen vir die een teenoor wie jy getuig!

Ek wil jou van harte gelukwens met hierdie GROOTSTE STAP wat jy geneem het om by die *leër van Christus aan te sluit.* ***Die TWEEDE STAP om 'n volwaardige soldaat te word, is natuurlik om 'n uniform aan te trek, en*** **dis dan ook wat jy doen as jy jou in water laat doop nadat jy geglo het.** (die doop van die gelowige – die enigste doop waarvan die Bybe leerl praat). Hoor hoe gepas beskryf Paulus die doop: **want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle , met Christus BEKLEE (Gal. 3:27).** As 'n man hom daarop toegelê het om 'n soldaat te word is die aantrek van die uniform 'n vreugdevolle en opheffende geleentheid. Dit doen iets vir sy moraal! Dit doen iets vir sy gees! Dit en nog veel meer behoort uniform nie. Net so is dit geloof in Christus wat 'n mens 'n Christen maak en nie die water doop nie. Die doop is egter 'n uiters betekenisvolle en essensiële STAP VAN GEHOORSAAMHEID en bring veel seën oor die gedoopte se lewe. Dit het NIKS TE DOEN MET DENOMINASIES OF KERKE NIE. *Die Nuwe Testament leer dat 'n gelowige in Christus gedoop moet word, nie 'n besondere kerk nie.* Dis 'n saak tussen jou en die Here! (Mark. 16:15-16)

Van die mees belangrike leerstellings in die Nuwe Testament oor die Christelike lewe gaan oor die doop: hoe ons die ou natuur moet kruisig en in die nuwe lewe ingaan; hoe die ou natuur begrawe word en 'n nuwe mens opstaan uit die dood saam met Christus Jesus; hoe die mag van die sonde oor die mens gebreek word met die doop. Baie dikwels, veral in heidense lande, gebeur dit dat wanneer 'n persoon geloof in Christus bely, word hy nie vervolg nie, maar as hy die stap neem en hom laat doop, word hy van alle kante af toegetakel. *Die duiwel haat die water doop!* Dis opsigtelik in ons eie inheemse tradisionele kerke: jy kan jou lewe lank 'n rustige lewe in die kerk lei en almal se broer wees, maar as jy die dag gehoorsaam word aan die Bybel en jou laat doop, is jy in die warm water!

Die water doop het 'n drievoudige betekenis. Eerstens spreek dit van *suiwering* of *reiniging*. In die Bybel word sonde dikwels beskryf as morele besoedeling en die verwydering daarvan as 'n reiniging. Dit was die belangrikste kenmerk van Johannes die Doper se doop bediening: **En hulle is deur hom in die Jordaan gedoop met belydenis van hulle sondes. (Matt. 3:6).** Die dissipel Ananias het vir die pas bekeerde Saulus van Tarsus aangemoedig: **Kom, laat jou doop en jou sondes afwas nadat jy Sy Naam aangeroep het (Hand. 22:16).** So sien ons dat met die water doop is daar 'n uiterlike afwassing of reiniging wat ooreenstem met die innerlike reiniging wat die Here bewerk in die hart en lewe van die gelowige.

Tweedens spreek die water doop van *belydenis.* Dit is 'n openlike getuienis aan almal dat die dopeling waarlik aangesluit het by die leër van Jesus Christus. Die dopeling maak 'n openlike deklarasie: *Ek het besluit om Jesus te volg en daar is nou by my geen omdraai meer nie.* Dis 'n vreugdevolle geleentheid! (terloops, het jy al gehoor van klein babatjies wat aansluit by die weermag?)

Derdens spreek die water doop van *eenwording.* Dit beteken dat die gelowige verenig word met Christus in Sy dood en in Sy opstanding. Hierdie groot waarheid word deur Paulus verduidelik in **Rom. 6:1-11: Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word? Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe? Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?**

Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur diè aan sy opstanding; aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.

Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde. As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe. Omdat ons weet dat Christus, nadat Hy opgewek is uit die dode, nie meer sterf nie. Die dood heers oor Hom nie meer nie. Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy vir die sonde eens en vir altyd gesterwe; maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God. So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here.

Ons moet die *doopbad sien as die*

(Vervolg op Bl. 6)

"..Geloof in Christus as jou Verlosser, beteken dat jy jou aan hom toewy. Geloof in Christus as jou Here, beteken dat jy jou oorgee aan Sy heerskappy oor jou..."

NOT WAVERING

Let us hold fast the confession of our faith without wavering, for He is faithful that promised. (Hebrews 10 Verse 23)

As it is clearly revealed throughout the Bible that healing is the will of our Heavenly Father for us, why are there still people today who pray "God heal me if it is Thy will"? Many dear sincere people ask this question, ignorant of the fact that the Bible has so many verses confirming that it is God's will to heal all who come to Him in faith. However, in spite of the fact that it is God's will to HEAL all, just as it is His will to SAVE all, there are reasons why some people do not receive their healing. We are going to discuss some of these reasons briefly so that you may deal with any issues that could prevent you from receiving your healing according to the Scriptures!


FAITH is vital to receiving any blessing promised to us by God in His Word. Faith is simply to trust God to do what His Word says He will do if we keep the conditions of the promise. Faith in God requires us to believe what His Word says, and then to act upon it. Act according to what we believe! The Bible tells us in James 2 verse 20 that faith without works is dead, in other words, we cannot just SAY that we believe if we are not ACTING in line with that belief.

Abraham is often referred to and honoured in traditional churches as the father of faith! He is seen as a trustworthy forefather with whom God made a covenant. And quite rightly so, because God greatly loved him and called him His friend. But his strongest quality was his Faith in His God!

Abraham was already 75 years old when the Lord promised that he would have many descendants: he would become the father of many nations – his seed would be as the stars in the sky and as the sand on the sea shore. Abraham confessed it to the people: he often said that this promise would be fulfilled, because God had said it, and he believed it! As the years went by, and nothing happened, he must have been a target for ridicule. Apart from the fact that many years had passed since God had made the promise to him, he and Sarai were now very old, and were becoming increasingly older. Abraham, however, NEVER WAVERED. He kept his eyes on God's promises, and after almost 25 years (a quarter of a century!) Isaac was born. Today Abraham's seed is as numerous as the stars and as the sand on the seashore! This amazing faith of Abraham serves as a wonderful example for us today as we stand on a promise of God in a time of need, especially when it comes to healing.

FAITH for a Divine Healing is required because there is often a time that passes between the receiving of the promise, or the laying on of hands, and the manifestation of our healing! And yet Hebrews 13:8 tells us that Jesus Christ, (who is God manifest in the flesh), is the same yesterday, today and forever. He has never changed, and that is why He always keeps His Eternal Covenant of SALVATION and HEALING.

The Bible speaks of various kinds of faith: weak faith (Romans 4:19), strong faith (Romans 4:20), great faith (Matthew 8:10), little faith (Luke 12:28), growing faith (2 Thessalonians 1:3), and unfeigned faith (2 Timothy 1:5). We are all given the measure of faith when we come to salvation, according to Romans 12 verse 3. It is therefore not simply a case of having faith or not, but rather of exercising that faith which you have and feeding it by reading and applying the Word of God. **So then faith comes by hearing, and hearing by the Word of God. Rom. 10:17.**



The Word of God tells us: **But without faith it is impossible to please Him, for he who comes to God must believe that He is, and that He is a rewarder of those who diligently seek Him. (Hebrews 11:6).**

The Word of God tells us: **But without faith it is impossible to please Him, for he who comes to God must believe that He is, and that He is a rewarder of those who diligently seek Him. (Hebrews 11:6).**

Let us look at a few people in the Gospels, who, because of their faith, God was able to perform miracles. The faith of the centurion of Capernaum resulted in the healing of his servant (Matthew 8). The faith of the paralytic and that of his friends resulted in his healing (Matthew 9). The woman who suffered of bleeding for 12 years was healed according to her own faith

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - Not wavering….)
(Matthew 9:22). The two blind men were healed according to their own faith (Matthew 9:29). The demon-possessed daughter of the Canaanite woman was healed according to her mother's faith (Matthew 15). The young daughter of Jairus was healed according to her father's faith (Mark 5). The deceased Lazarus was raised from the dead after having been in the grave four days, according to the faith of Jesus the Messiah. (John 11).

Matthew 17 verse 19, Jesus replied in verse 20: …… Because of your unbelief: for verily I say unto you, If ye have faith as a grain of mustard seed, ye shall say unto this mountain, Remove hence to yonder place; and it shall remove; and nothing shall be impossible unto you. These words should greatly encourage us in our faith walk, because each one of us has at least "mustard-seed-size" faith to begin with,

You will be greatly encouraged to read each of the above testimonies and be assured that what God has done for others, He will do for you too.

There are many other examples in God's Word of recovery and healing, but by looking at only these few, we realise that the faith of various people was required in order for God to do the miracles. However, this faith was not necessarily always the faith of the person who needed healing. Yet it is also true that to be healed by the faith of somebody else, is the Biblical exception, not the rule. Abide therefore by the rule and not by the exception. Start building and using your own faith through reading the Word of God, believing what it says and trusting God to bring it to pass. Remember that without faith it is impossible to please Him (Hebrews 11:6).

Jesus told us in **John 10:10**: **The thief does not come except to steal, and to kill, and to destroy. I have come that they may have life, and that they may have it more abundantly.** The thief that Jesus was referring to in this Scripture is the devil, our enemy. Jesus however, came so that we might have abundant life as well as eternal life, and abundant life certainly means good health. We read in 1 John 3:8: **……. For this purpose the Son of God was manifested, that He might destroy the works of the devil.**

This He certainly did on the cross, because we read in **Col. 2:15: Having disarmed principalities and powers, He made a public spectacle of them, triumphing over them in it.** Jesus told us in **Matt. 28:18-20: All authority has been given to Me in heaven and on earth. Go therefore……** Once Jesus had overcome the devil at Calvary, He gave authority to His disciples to continue His work in His Name, after His ascension into heaven. **Go therefore and make disciples of all the nations, baptising them in the name of the Father and of the Son and of the Holy Spirit, teaching them to observe all things that I have commanded you; and lo, I am with you always, even to the end of the age. (**Also read Mark 16 verses 15-20) He wants YOU to realise that YOU (as an obedient, practical follower of Jesus) have power over the devil, over ailments and sickness and that YOU are saved from sin, sickness and poverty. You will never be able to walk in the fullness of this victory as long as you have to depend on the faith of someone else. YOU must read and trust God's Word. YOU must believe in the Lord Jesus Christ as YOUR Healer and then YOUR healing will be manifested! Allow the head knowledge you have required by reading the Bible, to become heart knowledge. An inner, practical revelation of God's Truth.

However, FAITH is always required, no matter how small it is, but it is however important that you exercise it! When the disciples of Jesus asked Him why they could not cast out the demon in the young boy in Matthew 17 verse 19, Jesus replied in verse 20: **…… Because of your unbelief: for verily I say unto you, If ye have faith as a grain of mustard seed, ye shall say unto this mountain, Remove hence to yonder place; and it shall remove; and nothing shall be impossible unto you.** These words should greatly encourage us in our faith walk, because each one of us has at least "mustard-seed-size" faith to begin with, and according to Jesus, this is sufficient if we stand firm and do not waver. **But let him ask in FAITH, nothing wavering. For he that WAVERETH is like a wave of the sea driven with the wind and tossed (James 1:6).** Jesus performed many miracles during His ministry on earth, and the word faith is used in almost eighty per cent of the cases described. As I have already said, Faith is simply TRUST, trust in God to do what He promised He would do in His Word. This truth is confirmed in Mark chapter 6 verses 1 to 6, when Jesus was in Nazareth and could do no "mighty work" amongst the people because of their **unbelief**.

Another reason for people not receiving healing is due to false teaching. It is impossible for us to have faith for healing if we have been taught false doctrine concerning God's Will to heal, or that miracles only happened in Bible times, and are not for today. Many churches teach that the gifts of the Holy Spirit were only for the early church, and that they have since ceased. These are false teachings and will destroy all faith when one is hoping to be

(Continued on page 6)

UIT ONS POSSAK

U weet toe ek vroeër die jaar by my dogter Gina Coetzee in Margate gekuier het, was daar ‘n kwaadaardige klont in haar bors. Sy moes toe weer na die dokter gaan, dank ons dierbare Jesus, nadat sy u gekontak het, het ons geglo Jesus gaan saam na die dokter. Prys Sy Heilige Naam, die dokter kon geen fout vind nie. Is Jesus nie fantasties nie!! My kind is gesond!!
Die Here seën julle.

Tannie Lilly Pizer, Hadison Park

In September het ek hulp nodig gehad met gebed vir vier van my familie lede. Nommer een was vir my klein dogter met artritis. Nommer twee was vir my skoonseun met longontsteking en ‘n kol op sy een long. Nommer drie was vir my seun met nierstene, en nommer vier was vir myself, met ‘n senuwee wat geknyp was in my een heup, met geweldige pyn.
Die twee mans was in die hospitaal, en volkome genees met alle toetse wat negatief gewys het. My heup is dadelik volkome genees, en my kleindogter se artritis is baie beter, en sy is af van ‘n sekere medikasie wat haar negatief affekteer het. Dit is so ‘n troos om te weet ons staan nie alleen in tye van siekte nie, en dat die Here vir ons help en dat Hy u, dokter, die gawe gegee het om deur gebed vir ons te genees.
Baie dankie vir julle hulp, gebede en Joey se vertroostende woorde en stem oor die telefoon. Ons loof en prys ons Hemelse Vader vir die wonders wat Hy doen. Seënwense vir elke dag.

Mev E Immelman, Strand

Eers wil ek sê die Here is baie goed vir my. Ek is uit die rolstoel en loop weer sonder ‘n kierie. Ek sê dankie Jesus!!

Tannie G Pieters, Primrose

Thank you for your prayers. At the age of 70 I was healed of cancer, on the 4th October 2004, I turned 75. I am grateful for your encouragement and the books that you sent me last year. Also you prayed for my grandson who was epileptic from the age of two. He has been completely healed. He just turned 20, and has started working.

Mrs M Manikkam

My 29 jarige sussie Erika Nagel, is met hoë graad intiamatories borskanker gediagnoseer in Augustus. Die knop was alreeds 7cm en sy het op die 9de September begin met haar eerste chemo. Ek het intussen geskakel en gevra dat julle vir haar moet bid. Omtrent ‘n maand terug het Erika se man, Bernie, my een oggend gebel en gesê dat die kanker versprei het na die limfklier toe, en dat daar alreeds knoppe agter haar oor uitgekom het, en iets het vir my gesê ek moet deurgaan en vir haar gaan bid. Ek het die middag na werk toe deurgery en vir haar gaan bid. Die volgende oggend het Erika my gebel en vir my gesê dat die knoppe weg is! Sy het intussen elke 3 weke gegaan vir chemo wat haar baie siek gemaak het, en ons almal het nog steeds aan hou bid.
Erika het my gister aand gebel met die wonderlikste nuus, SY IS GENEES!! Sy sê dat su ‘n vispen gehad het van ‘n man wat sy arm uitstrek na haar toe, terwyl daar iets soos ‘n goue straal lig na haar toe gaan. Sy het skielik vreeslik naar geword en het 2 keer opgegooi. Voor die tyd het sy grieperig gevoel met vreeslik kopseer en maagpyn (die newe effekte van die chemo) maar nadat sy opgegooi het, het al die simptome verdwyn. Sy het net heeltemal anders gevoel en het geweet dat sy genees is.
Ons kan nie ophou om die Here te prys vir haar genesing nie. Hoe kan ‘n mens Sy lof besing met ‘n aardse stem? Al die eer kom die Here Jesus toe, want Hy is elke dag so goed vir ons en SY seëninge jou net nie op nie. Groete

Mev C Munro, Randburg

In 1977 I was diagnosed with cancer of the spleen, part of the pancreas and colon after an operation. I had chemotherapy and then I was cleared of it. However, in May 2001, I was operated again and then they found tumours on the liver. The surgeon said that there was nothing more that he could do, apart from more chemotherapy, which did not help, it actually got worse. Then I went to Stanger Christian Centre and was prayed for by Dr James. People in my hometown were also praying for my healing. After being prayed for, I went back to the surgeon and had a scan, he was so surprised to see that the tumours had disappeared, however, when I went for my second scan, there was another tumour where it had started in the first place. This I could not accept, and I went down to the Stanger Christian Centre where I was prayed for once again on the 14th November 2004.
After that I had another scan which showed that the new tumour had also disappeared. Praise the Lord! The Name of the Lord is praised!!

Andrè Phillips, Brakpan

In die wonderlike naam van Jesus groet ek u. U en die span het so ‘n paar weke gelede vir Pieter Rowe gebid. Hy was in die intensiewe eenheid in die Hydromed. Daar was bloeding in die longe, longe het ook plat geval. Hy was in en uit die hospitaal. Daar was ook bekommernis oor bloed klont in die long asook in sy been. Ek wil Jesus al die eer en lof gee, Pieter is terug by die werk, en hy lyk elke dag net beter. Prys die Here vir die wonderwerk wat in sy lewe gebeur het!!!

Mev J Niemand, Uitsig

Ek groet julle alma daar by Stanger in die Naam van Jesus Christus. Ek wil ook dankie sê vir julle maandelikse blaadjie. Ek wil baie graag vir julle my goeie nuus vertel. Dr James ek het gedurig fakse gestuur en gevra julle moet bid vir my vir skildklier kanker. My eerste operasie was Mei maand, toe hulle ‘n kwaadaardige knoppie uitgesny het. My tweede operasie was Oktober maand, waar hulle weer weefsels uitgesny het, ek het nog steeds vir voorbidding gevra. Ek moes die 22ste November en 24ste November terug gaan vir die uitslae.
Prys die Here vir genesing to ek die 24ste by die kanker dokter kom toe bewe ek maar toe kry ek die goeie nuus, daar is geen kanker nie, die weefsels is skoon. Ek sê vir julle baie, baie dankie vir julle gebede prys Jesus!

Mev B Fourie, De Rust

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Die Weermag van die Here)

graf en die gelowige se liggaam as 'n lyk. Hy word in die water begrawe soos Jesus begrawe was – dit spreek van die algehele verlossing van die ou lewe.

Soos Christus op die derde dag opgestaan het uit die graf, so staan die gelowige op uit die water en daardeur word die geestelike eenwording tussen hom en die Here uitgedruk. Daarom lees ons in Markus 16, die laaste groot opdrag van Jesus aan Sy kerk: **Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word.**

(Vir verdere leestof oor hierdie belangrike stappe in u geestelike lewe kry ons boeke "Doop en Tradisie" en "Waarom moet ek weergebore word?") c

(Continued from page 4 - Not Wavering)

healed. Hope is always in the future, and faith always in the present. In the New International Version of the Bible we read Romans 10:17, which states: **Consequently, faith comes from hearing the message, and the message is heard through the word of Christ.** In the Amplified Bible it reads as follows: **So faith comes by hearing (what is told), and what is heard comes by the preaching (of the message that came from the lips) of Christ (the Messiah Himself).**

We can only have strong faith when we have heard the correct message of healing, according to sound doctrine. And because our faith comes from God's Word, and is built up according to the Word of God, it stands to reason that we must hear the TRUTH directly from the Bible concerning divine healing, otherwise we would be believing a lie, a false teaching, which in turn would diminish our faith.

Whenever the Gospel was preached in the Bible, people came to hear it and were healed. Sick people came with expectancy in their hearts, knowing that Jesus would heal them, and Jesus healed them all. (Matt. 12:15) It is this same Jesus who still heals today by the power of the Holy Spirit, and it is His will to heal you today.

A man who had been deaf for more than 20 years came to me for prayer, saying that many had prayed for him and he had still not received his hearing. I replied that he could be healed if he only believed. He said that he was not sure if it was God's will to heal him, although he knew God COULD if He WANTED to, and then added that he supposed this was one of those things we are not supposed to know. 'THAT IS EXACTLY WHY YOU HAVE NOT YET RECEIVED YOUR HEALING", I replied. The problem with this sincere child of God was that he had never read what the Word of God has to say about healing in the Bible, consequently he could not possibly have had the faith to believe for healing. I asked him if he believed it was God's will to fulfill His promises in His Word, and he said yes he did. I replied, "Well, He has promised to heal you according to His Word, and when I show that promise to you, you should believe Him according to what you have just told me, and receive your healing here and now." I showed him some scripture verses in the Bible regarding God's Will to heal, viz. **I am the Lord that healeth THEE (Exodus 15:26); ….. By whose stripes YE were healed (1 Peter 2:24); …. IS ANY sick among you? Let him call for the elders (James 5:14); Go and lay hands on the sick and they shall recover (Mark 16:18).** He suddenly realised that "THEE", "YE", "ANY" included him, and the glint of faith in his eyes showed me that he now believed that God would do what His Word says He will do. I prayed for him, and God restored his hearing immediately. What God did for him He will do for you, and when you realise this you will start acting according to God's Word and expect His blessings. u

ONS NUWE BOEKE

Verkrygbaar vanaf die sentrum in Afrikaans of Engels:

M64-Die Krag van vergifnis (R4)
M65- The Power of Forgiveness. (R4)

24-Slaankrag in Lofprysinge (R8)
30-Restoration of Praise (R8)

Tape by Dr van Zyl

Tsunami and the rapture— R10.00

Spesiale GENESINGSDIENSTE by die Christelike Sentrum op die volgende

4 & 18 Maart 2005

Genesingsdienste begin om 8.30vm. Vir onvoorsiene kansellasies, skakel ons asseblief vir bevestiging van dienste op bogenoemde datums. Verstrek ook asseblief u naam en telefoon-nommer ingeval dit nodig is dat ons u moet kontak om ander reëlings te tref.

SPESIALE WOORD VAN DANK

Vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

As u nie 'n erkenning op u brief of bestelling binne vier of vyf weke kry nie, dan moet u ons asseblief laat weet, weens die onbetroubare posdiens Elke brief wat ons ontvang, word beantwoord.

uit dr james se kantoor

Geliefdes in die Here,

Ons moet moed skep en aangemoedig word deur die kennis dat God deeglik bewus is van diegene wat, in hierdie laaste dae, volhardend, standvastig uitreik na die verlorenes soos die tyd korter raak. Ons, wat by magte is om die einde van die eindtyd tekens te sien, is meer as ooit tevore bewus van hoe naby die koms van die Here Jesus is. Bybelse profesieë word daagliks vervul soos ons in ons koerante kan sien en gebeure op die televisie volg. Ons loof die Here dat Hy ons gewaarsku het in Sy Woord, dat hierdie dinge moet gebeur, soos die geboortepyne toeneem. Ons lees in Openbaring: **Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heiliges nog heiliger word. En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy loon sal wees (Openb. 22:11 – 12**). Met ander woorde, die Here sê vir ons dat ons kan verwag dat die wat korrup en boos is, dit nog meer sal wees, maar die wat in die Here is en probeer om hulself te reinig in verwagting van die koms van die Bruidegom, meer regverdig en heilig sal word. Dit is betekenisvol, dat Hy direk hierna sê, dat Hy gou sal kom! Ons moet dit wat ons moet doen, doen terwyl daar nog tyd is. Die oes is ryp maar die arbeiders min.

Ons, wat opgewonde is oor die spoedige verskyning van Jesus en hierdie lewende hoop brandend in ons het, kry weer die begeerte om Hom te loof en te aanbid soos nooit tevore nie. Soos die vooruitsig na die bruilofsfees van die Lam, elke dag wat verby gaan al meer `n werklikheid word, wil ons, ons stemme verhef, in werklikheid ons hele wese verhef, in verwagting van die hoogtepunt van ons groot verlossing. Met dit in gedagte, het ons gevoel dat dit belangrik is om ons twee boeke, nl. "Slaankrag in Lofprysinge" en "Restoration of Praise" te hersien, wat nou vanaf die Sentrum beskikbaar is en sal jou beslis motiveer om jou lofprysings en aanbiddings potensiaal te vermeerder. Hy is al die lof en aanbidding waardig wat ons aan Hom kan gee en veral nou, wanneer die wêreld voorberei vir die heerskappy van die antichris moet ons, as God se volk, die Ware Christus verhoog.

Ons wil julle opreg bedank vir jul volgehoue gebede, liefde en ondersteuning, wat dit vir ons moontlik maak om na so baie uit te reik in ons pragtige land, deur aan hulle die Woord van die waarheid en die verlossing van ons God deur Jesus Christus te bring en Sy voltooide werk op Golgota. Slegs die ewigheid sal die resultate van jul gebede en milde bydraes openbaar, soos julle jul skatte in die hemel versamel! God moedig ons aan in Sy Woord, in **1 Kor. 15 vers 58: Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie.**

Mag die Here julle ryklik seën
Julle s'n in Sy diens

Dr James

HOW TO PLACE AN ORDER:
Please indicate the books you require by marking the block next to the title. Then either deposit the amount directly into the banking account (and fax deposit slip and order), or send a crossed cheque or postal order together with your order to us. **NB: PLEASE INDICATE YOUR INITIAL, SURNAME AND TOWN IN THE "REFERENCE" SECTION ON THE DEPOSIT SLIP**

English Books-R4.00

☐ 46 The Accuracy of the Quran?
☐ 55 Christianity or Islam:You decide
☐ M17 What on earth is this Kingdom Theology
☐ M18 Who is part of the Anti-Christ?
☐ M22 Is it right to Judge?
☐ M24 What's the world coming to?
☐ M28 How should a Christian Pray?
☐ M31 Deception in the Name of the Holy Spirit
☐ M32 From the Garden to the Cross
☐ M37 The Dangers of Martial Art
☐ M40 Jesus was not in hell
☐ M44 Prayer and Fasting
☐ M45 Easter and Christmas
☐M47 The Name of our God
☐M50 Charismatic Witchcraft
☐M52 The laughing spirit explained
☐M53 The Real Christian Church and the Misled Christian Church
☐ M56 Victory over the devils attacks
☐ M57 Healing and the Occult
☐ M58 Why must I be Born Again
☐ M59 Is Divine Healing For All
☐M60 How Great is your God
☐M61 Faith as a Mustardseed
M62 What does God expect of the family
☐M65 The Power of Forgiveness

English books-R8.00

☐16 God's will for the Healing
☐ 30 Restoration of Praise
☐ 31 Experience the Holy Spirit
☐ 32 Lord's Table and Healing
☐ 33 Baptism and Tradition
☐ 34 God desires to Heal you
☐ 35 Free from fear
☐ 37 The Church en route to perfection
☐ 40 Know your enemy
☐ 41 Testimonies – Vol. One
☐ 43 A Successful Marriage
☐ 49 Error after Revival
☐ 58 Jesus shows the way to Heaven
☐61 What does God demand
☐62 How to bury the past

Tapes-Dr JJ van Zyl—R10.00ea

☐A6 So send I you
☐ A7 Knowing the Will of God
☐ A8 How to receive your Healing
☐ A11 Healed by the Stripes of Jesus
☐ A12 Ministering to the Sick
☐ A13 Only Believe
☐ A15 The Lord's Table and Healing
☐ A16 How to Pray to get results
☐ A18 Beware of Job-comforters
☐ A19 Testimony of Dr. van Zyl
☐ A20 Biblical Faith
☐ A22 The Power of God
☐A25 The Faithfulness of the Father
☐A28 He is Risen
☐A30 Healing through the Cross
☐A33 Holy Cows of religion
☐A34 The Unlimited power of God's Word
☐A38 Fellowship with Christ in Communion—Tape 1
☐A39 Fellowship with Christ in Communion—Tape 2
☐A40 Tsunami & the rapture

Tapes-Various Speakers—R10

☐ D1 The Catholic Church-Dr. Wilson
☐ D7 The Accuracy of the Quran?
☐ D28 Smokescreens
☐ D29 Christianity in Crisis1-H.Hanegraaff
☐D30 Christianity in Crisis2-HHanegraaff
☐D32 God's Promise -Restoration (D.Gericke)
☐D35 Overcoming Fear - Meg van Zyl
☐D36 Freed from Fear - Meg van Zyl
☐D38 The Presence of God – DGericke
☐D42 Heart Pleasing to God - (D.Gericke)
☐D46 Be strong and courageous - (D. Gericke)

BANK DETAILS
Stanger Christian Centre
First National Bank,
Acc No. 53730091667,
Branch code: 220129
Branch: Stanger
Fax no (032) 552 5411

HOE OM TE BESTEL:
Dui asseblief aan die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkies langs die titel. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks/pos die strokie saam met die lys van u bestelling—of stuur 'n gekruiste tjek of poswissel aan ons. **LW: DUI ASSEBLIEF U VOORLETTERS, VAN EN DORP/VOORSTAD IN DIE "VERWYSINGS" SPASIE OP DIE DEPOSITO STROKIE**

Afrikaans Boeke-R8.00 elk

☐ 3-God wil jou genees
☐ 5-Die Tweesnydende Swaard
☐ 6-Oorwinnaarstaal
☐ 7-Ken jou Vyand
☐ 8-Innerlike Genesing
☐ 9-Bybelse antwoorde oor Genesing
☐ 10-Ondervind die Heilige Gees
☐ 11-God se Wil oor siekte
☐ 12-Die Christen en Job
☐13-God eis 'n Heilige Lewe
☐ 14-Vry van Vrees
☐ 15 -Verloor gewig volgens God se Instruksies.
☐ 17-Geloofsbrood vir die Somer
☐ 18-Geloofsbrood vir die Herfs
☐ 19-Waarom sommige nie Genees word nie
☐ 20-Geloofsbrood vir die Winter
☐ 21-Geloofsbrood vir die Lente
☐ 22-Soldaat wees vir Jesus
☐ 23-Laat dieWoord lewe (Bybelstudie bk 1)
☐ 24-Slaankrag in Lofprysinge
☐ 25-Kerk oppad na Volmaaktheid
☐ 26-Die Nagmaal en Genesing
☐ 27-Die Doop en Tradisie
☐ 29-Wat moet ons doen Broeders
☐ 36-'n Suksesvolle Huwelik
☐ 38-Getuinesse – Vol Een
☐ 39-Getuinesse – Vol twee
☐ 42-Getuinesse – Vol Drie
☐ 44-Die Karakter van God
☐ 45-Die Groot Verleier
☐ 47-WaaromBybel- Enigste Woord
☐ 51-Die Feestye van die Here
☐ 52-Die Wederkoms van Christus in Daniel
☐ 57-Jesus Wys die Pad na die Hemel
☐ 59-God se Ewige Plan vir Israel
☐ 60-Misleiding - Naam van die Heilige Gees.

Mosterdsaad Boekies-R4.00 elk

☐ 2-Geloof soos 'n Mosterdsaad
☐ 4-Paulus se doring in die Vlees
☐ M1-Waarom moet ek Weergebore Word?
☐ M2-Is Goddelike Genesing vir almal?
☐ M4-Wat verwag God van die Huisgesin?
☐ M5-Kan woorde jou lewe regeer?
☐ M6-Wat sê Woord van God oor die doop
☐ M7-Hoe kan ek verlos word van vrees?
☐ M8-Krag in die doop in die Heilige Gees
☐ M9-Hoe moet ek bid?
☐ M10-Kan ek die duiwel se aanvalle oorwin?
☐ M11-Hoe kan ek my erfenis in besit neem?
☐ M12-Wat is die Verbond?
☐ M13-Wat is die New Age?
☐ M14-Hoe Groot is jou God?
☐ M15-Wie veroorsaak rampe en siektes
☐ M16-Wat is die gevare van Karate?
☐ M21-Mag 'n Christen Oordeel?
☐ M23-Genesing en die Okkult
☐ M26-Wat gaan met hierdie wêreld aan?
☐ M27-Die Drie-Enigheid van God
☐ M29-Wat is die ware Bybelse geloof?
☐ M33-Besluite
☐ M34-Van Edentuin tot by die Kruis
☐ M38-Laat God siekte toe?
☐ M39-Krag van God:Jesus Christus Gekruisig
☐ M40-Jesus was nie in die hel nie!
☐ M41-Hoe belangrik is die Ou en Nuwe Testament van vandag?
☐ M45-Paasfees en Kersfees
☐ M46-Die Naam van ons God
☐ M48-Die Egte en Misleide Christelike Kerk
☐ M49-Wat is die Islam Geloof?
☐ M51-Waarvandaan kom Die-lag-in-die-Gees?
☐ M54-Die Bybel en Siektes
☐ M55 -Vas en Gebed
☐ M64-Die Krag van Vergifnis

Bande deur Dr James-R10.00 elk

☐ A1-Die gesag van die gelowige
☐ A2-Ontdek God se Wil
☐ A3-Oorsprong van Christelike Kerke
☐ A9-God die Heilige Gees
☐ A14-Nagmaal en Genesing
☐ A17-Genesingsdiens by die Sentrum
☐ A21-Getuienis van Dr. van Zyl
☐ A23-Die Eenvoud van die Bybel
☐ A26-Struikelblokke (Nr 1 en 2)
☐ A27-Waarom is daar geen oorwinning nie
☐ A31-Die Antwoord vir ons Hoekoms en Waaroms
☐ A32-Die waarheid sal jou vrymaak

Boeke-ander skrywers

☐ 63-Die verbondsteologie in die regte perspektief (Dr Martin Gunther) R8.00

Bande –ander sprekers-R10.00

☐ D3 Die Doop 'n Bekeerde Dominee
☐D19 Genesingsgetuienis van 'n Mediese Egpaar
☐ D27 Rookskerms
☐ D31 Toronto Blessing – Waar of Vals
☐ D37 Toronto Beroering in die kerk – Pst Horak

BANK BESONDERHEDE
Stanger Christelike Sentrum
Eerste Nationale Bank
Rek No. 53730091667,
Takkode: 220129
Tak: Stanger
Faks no (032) 552 5411

If you would like to receive a free copy of Faith in the Word, or place an order, please complete the following and return to us by fax/post.

Name: ……...……..……Surname:… ……..……

Address: ……Code: ……..…..

☐ **NEWSLETTER** ☐ **CHEQUE** ☐**BANK DEPOSIT** ☐ **P/ORDER**

Total: R……

Indien u 'n gratis nuusbrief of 'n bestelling wil plaas, vul asseblief die strokie in met u volledige besonderhede en pos of faks dit aan ons.

Naam: ……...……..……Van: ……..……

Adres: ……..……Kode: ……..……

☐ **NUUSBRIEF**☐ **TJEK** ☐**BANK DEPOSITO** ☐ **POSWISSEL**

Totaal: R……